# 2013-08-04_am2_stephan-joubert_wintervakansie-by-die-flieks_alice-in-wonderland

**Sprekersleutel**

SJ Stephan Joubert

SJ Die essensie van ‘n goed geleefde lewe, dit is tog sekerlik die groot droom van die meeste mense hier op aarde. En vir baie hou dit verband met geld. Vir ander hou dit verband met goeie verhoudings. Vir ‘n klomp hou dit verband met gerief. Verseker bring hierdie dinge ook ‘n stukkie geluk. Maar ek dink enige iemand wat ernstig is oor die lewe, en veral as jy ‘n volgeling van Jesus is, dan sal jy weet dat die lewe verseker nie hieroor kan gaan nie, dat daar meer is, dat daar beter roetes is, dieper roetes om te leef en om op te loop.

Deesdae is een van die terme wat mense baie gebruik om oor die sin van die lewe te 'praat die Engelse term, ‘n bucket list, ‘n lysie van dinge wat jy moet doen. En net gister sien ek op die TV ‘n program ook met die titel A Thousand Places to Visit Before You Die. Êrens, wanneer ‘n mens daardie lysie het wat sin gee in jou lewe, en veral as jy ‘n volgeling van Christus is, dan, wanneer jy daardie drome, daardie doelwitte, daardie aspirasies bereik wat jy glo die Here se hart ook laat klop, dan is jou lewe elke keer ‘n stukkie anderster en dieper en meer vervuld.

Toe het ek nogal gewonder wat was die Ou Testament se bucket list. Wat is daardie een ding van al die dinge wat jy net eenvoudig moes doen? En ek vind dit nogal, interessant genoeg, in Psalm 84:11 waar die Psalmskrywer sê, waarlik, een dag in U tempel is beter as ‘n duisend dae daarbuite. Dis die droom van elke Israeliet op die Here se pad, om net een keer in jou lewe, indien nie elke jaar nie, maar ten minste as jy buite die beloofde land gebly het, een keer in jou lewe ‘n dag in die Here se tempel deur te bring. Dis die droom van alle drome. Jy het nooit weer ophou praat daaroor nie. Dit het jou identiteit bepaal, jou menswees, jou pad met die Here en met ander.

Die Nuwe Testament s’n, interessant genoeg, vermoed ek, sou mens vind in ‘n gedeelte soos in Matteus 19:13 en verder. Die mense het die kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle die hande moet oplê en hulle moet aanraak en vir hulle moet bid. Sy dissipels het met Hom hieroor geraas, maar Jesus het gesê, laat staan die kindertjies en moet hulle nie keer om na My toe te kom nie, want die Koninkryk van die Hemel is juis vir mense soos hulle. Nadat Hy hulle hande opgelê het het Hy daarvandaan af weggegaan.

Wat kan groter wees? Wat kan jou lewe meer transformeer? Wat kan jou vir altyd verander as om by Jesus te wees, om daardie een keer in jou lewe jou kinders na Jesus toe te vat sodat Hy daardie hande wat deurboor is vir die wêreld op hulle kan lê, om in

die teenwoordigheid van Jesus te wees? Dit moet enige volgeling van Jesus se bucket list wees, se... die een ding wat jy moet doen wees voordat jy uit hierdie lewe uit weggaan. In my taal sou ek graag wou waag om te sê die een belangrike ding wat ek in my lewe wil ervaar is om een partytjie saam met Jesus te hou, en verkieslik 'n kinderpartytjie, want hulle is onvergeetlik.

En van kinderpartytjies gepraat, miskien moet ek nog 'n storie vertel wat afspeel, om presies te wees, op 4 Julie 1862. Een middag, Sondagmiddag, het Rev Charles Dodgson en nog 'n vriend en drie van hulle dogters, of ek dink dit was die dekaan van, of die visedekaan van Oxford Universiteit se drie dogters, het hulle gaan roei, en soos wat hulle geroei het was die dogters verveeld, en toe vertel Rev Dodgson vir hulle 'n storie. Dit was nie sy preek nie, want dit vertel 'n mens eintlik nie sommer, drie punt preke vergeet jy, maar hy het 'n kinderstorie vertel wat hulle harte so aangegryp het, meer as al die preke wat hy ooit gepreek het, dat hulle vir hom gevra het om dit neer te skryf.

En 'n maand later het hulle weer gaan roei, en toe het hy die storie voltooi, en kort daarna het hy dit in 'n boek uitgegee, in 1865, onder die skuilnaam Lewis Carroll, die skrywer Lewis Carroll, maar dit was Rev Dodgson, en die storie was Alice in Wonderland. En toe het ek gedink, toe dit nou oor die fliekreeks gaan en ek gevra word om van my flieks te kies, toe het ek dit voorgestel, en ek is seker ek het 'n oomblik van stilte gehoor, nie gewyde stilte nie. Alice in Wonderland? Daar kan tog sekerlik darem meer eietydse flieks wees, en verkieslik die Walt Disney ene, nie eers Johnny Depp s'n nie. Kan mens dit dink?

En... maar êrens het die reverend iets verstaan, en ek aanvaar soos wat die slim ouens sê. Hulle sê Alice pas in die genre van literary nonsense, so dis wat dit is. Maar êrens het hierdie reverend verstaan wat CS Lewis baie jare later verstaan het toe sy vriend Tolkien vir hom gesê het, hy wat hierdie ateïs is, en hy vir Tolkien vra, hoe kan jy die Bybel glo wat so vervelig is en so nie opwindend is nie. Toe sê Tolkien vir hom jy moet die Bybel lees soos wat jy fairy tales lees en dit ook so hoor.

Nee, nee, Tolkien het nie gesê die Bybel is fairy tales nie. Hy sê, hoor dit soos 'n kind 'n storie hoor, soos 'n kind wat by 'n kinderpartytjie opdaag. En kom ons gaan na 'n kinderpartytjie toe. Nee, kom ons gaan na die groot partytjie van die jaar toe wat die hele jaar lank aanhou. Kom ons sluit by hoofstuk sewe aan van Alice in Wonderland, by die Mad Hatter.

[Speel film].

SJ Dis by ons verpligte kyktyd. Een keer 'n jaar moet ons dit kyk net om ons unsanity te behou. Maar êrens het Rev Dodgson, Lewis Carroll, verstaan dat Jesus is dit waaroor dit gaan, en waar Jesus is is daar 'n fees. Dis jammer dat Jesus vir baie mense daar in die vroeë... latere... vroeë kerk die ou geword het met die swaard wat mense sny en seermaak en laat bloei. Ja, Jesus was kwaai met die godsdienstiges, met die godsdienstiges, maar vir die mense wat Hy genooi het na Sy fees toe, na Sy partytjie toe, was dit altyd lekker.

Daar is ‘n paar dinge as Jesus jou nooi. Ek hoor in Matteus 22, wanneer Jesus die verhaal vertel van God se nuwe wêreld, dan gebruik Hy ‘n fees, net soos in Lukas 14, en ek hoor ook nogal wie genooi word. Hoor net. Ek lees sommer net so ‘n stukkie daar vanaf vers agt. Toe sê Hy vir Sy slawe, dit is nou die koning wat die fees hou nadat al die grootmense nee gesê het. Tipies grootmense het hulle ja gesê, en toe die fees aanbreek toe het hulle almal verskonings. Die een ou het ‘n vrou getrou en die ander ou het ‘n paar osse gekoop en wat, wat.

En toe is die koning baie ontsteld, want hy het regtig ‘n partytjie. En toe stuur hy sy slawe uit. Vers agt: alles staan klaar vir hierdie bruilofsfees, maar die genooides is dit nie werd nie. Gaan nou uit na die straathoeke en nooi soveel mense as wat julle teëkom na hierdie fees toe. Toe het die slawe uitgegaan op die strate en almal wat hulle gekry het bymekaargemaak, slegtes en goeies. So het die feessaal vol gaste geword. Toe die koning ingaan om na die gaste te kyk sien hy ‘n man wat nie bruilofsklere aan het nie, en hy sê vir hom, vriend, hoe het jy hier ingekom sonder bruilofsklere aan? En dan het die koning gevra hy moet uitgaan en hom weggegooi.

So die eerste belangrike ding, vriende, Jesus hou ‘n fees en Hy nooi enige iemand. By Sy troue hoef jy nie eers ‘n troukaartjie te ontvang nie. Mense kom haal jou sommer, want daar is ‘n fees. In Lukas 4 het Hy gesê, dis die jubeljaar, die groot, groot jaar van die Here, maar jy moet bruilofsklere aanhê, jy moet partytjieklere aanhê soos by ‘n kinderpartytjie. Dan trek mens mos graag aan vir daardie partytjie. Almal kan sien daar is ‘n partytjie. Daar is ballonne en daar is tafels en daar is lekker goeters om te eet. En daar gebeur verskriklike lekker dinge by so ‘n partytjie. Nie by grootmenspartytjies nie. Dis so vervelig. Jy weet al hoe hulle gaan lyk. Dis net die kos wat verskil, maar die gesprekke is maar dieselfde en die mense en so aan.

Maar nie by 'n kinderpartytjie nie, nie daar waar Jesus is nie. Daarom sê Hy daar is nog ‘n vereiste, behalwe laat jy feesklere moet aanhê, laat jy moet toelaat dat Jesus jou lewe verander is daar nog ‘n vereiste. Hy sê in Matteus 18, net so ‘n paar hoofstukke vroeër, in daardie tyd het Sy dissipels by Hom gekom, vers een, met die vraag, wie is die belangrikste in die Koninkryk van die Hemel. Hy het ‘n kindjie nadergeroep en hom tussen hulle laat staan en gesê, dit verseker Ek julle, as julle nie verander en soos hierdie kindertjies word nie sal julle beslis nie in die Koninkryk van God kom nie. Eintlik sê Jesus ek nooi net kinders na My partytjie toe, dis ‘n kinderpartytjie.

En daardie grootmense van wie ons nou-nou gelees het, wie se bucket list dit is om hulle kinders by Jesus se kinderpartytjie te kry, die groot mense keer hulle. Nee, daar is baie ernstiger dinge. Die lewe is ernstig. Godsdienstige mense lyk bedruk. Hulle is beswaard, want daar is moeilikheid in die wêreld en daar is te min mense in die kerk en te min mense wat die Here dien en wat, wat, wat. Maar waar Jesus is is daar altyd ‘n partytjie. En daarom het Hy vir die kinders gesê, kom na My toe.

Ek sou graag daardie kinders se storie wou hoor. Hulle sou die res van hulle lewe vertel, daardie Man wat die wêreld met Sy bloed losgekoop het, ons was by Hom. Jesus het Sy hande op ons gesit. Ons is genooi. En jy en ek ook, terloops. Jesus hou nog steeds ‘n partytjie, feesklere, en jy moet ‘n kinderhart hê, en jy moet weer agteruitgroei. Jy moet weer klein genoeg groei om kinderstories te verstaan. Jy moet

weer klein genoeg groei om kinderstories te verstaan, en dan moet jy gereed wees vir Jesus se fees, want dit gebeur enige oomblik, en dis vreemd, en dis buite die boks.

Vra vir Levi daar in Lukas 5. Hy was die sondaar van die dorp. Hy het die liksens gehad, die patentreg gehad op sonde. Hy het dit almal gedoen. En toe stap Jesus by hom verby en Hy gee hom feesklere en 'n kinderhart, en toe besluit Levi, hierdie is die partytjie van 'n leeftyd. En toe nooi hy al sy vriende. Want dis wat gebeur as jy regtig in Jesus vasloop. Dan nooi jy soveel mense as wat kan kom. Dan is dit nie 'n straf nie. Dan word jy nie toegerus daarvoor nie. Jy word nie noodwendig opgelei vir 'n tegniese ding om mense te probeer bekeer nie. Nee, jy hou 'n partytjie en almal kom. Dis 'n oop fees. Jy moet net feesklere aanhê en 'n kinderhart, en dan kom jy. En toe sit Levi en al die sondaars van die dorp daar in Lukas 5, en hulle eet almal saam, en die grootmense stik in hulle verontwaardiging.

Of jy sal by een van Jesus se partytjies daardie vrou raakloop van Lukas 7, nê, daar vanaf vers 36 wat, toe sy hoor Jesus is daar en sy sien die grootmense is besig om daardie partytjie te kaap, en hulle is besig om met hulle ou vaal, vervelige gesprekke Jesus te pla, toe bars sy in en sy begin huil so bly is sy dat sy kan kom. Jesus, haar bucket list, haar lewe het waar geword, en sy val aan Sy voete. En al wat sy kan doen by die partytjie, sy huil. En die godsdienstiges kry so amper so 'n melaatsheid soos hulle onttrek. En Jesus sê vir haar, jou sondes is vergewe. Gaan in vrede. Jy sal sulke mense by Jesus se partytjie raakloop.

Of daardie vrou van Lukas 14 wat haar man seker so kwaad gemaak het toe sy 'n jaar en 'n half se geld uit hulle rekening gevat het en parfuum gekoop het en in een oomblik op Jesus se kop uitgooi by die tafel. Morsig, ek bedoel, maar dis wat gebeur. Mense mors op Jesus by Sy partytjie. Daar is oorvloed parfuum, en daar is Levi wat jy gaan raakloop, en jy gaan hierdie stukkende vrou raakloop wat Jesus se voete met haar trane natmaak. Dis hoe Jesus se partytjie lyk. Dis onvoorspelbaar. Dit... dit is... daar is vreemde mense.

En ja, jy gaan partykeer siek mense raakloop, soos in Lukas 14, as Jesus weer 'n keer daar by die grootmens ete sit en die man daar inkom wat aan water ly, en Jesus hom gesond maak, en die godsdienstiges al weer so kwaad is, want dis 'n grand ete en dis 'n formele ete, en Jesus laat stukkende mense daar by Hom 'n plek kry. Dis hoe Jesus se ete lyk. Dis hoekom dit die mense wat in Hom vasgeloop het, hulle droom, hulle bucket list, hulle idee van 'n goed geleefde lewe is om Jesus raak te loop. Dis waaroor Jesus se fees gaan.

Waar gebeur dit? Goddank, vandag ook hier. Wonderlik, Jesus is hier, maar dit gebeur in die regte lewe. As Alice daar by die Mad Hatter opdaag en hy... dan hoor sy dit is 'n very merry unbirthday party, want jy kan dit 364 dae van die jaar hou. Party mense sit alles in om darem een dag van die jaar gelukkig te lyk. Maar as jy agter Jesus aanloop kan daardie partytjie enige oomblik gebeur, 364 dae van die jaar. Jesus is reg vir 'n partytjie. Hy nooi ouers, bring julle kinders, en hy nooi grootmense. Kry net vir julle kinderharte en trek My feesklere aan en kom. Julle gaan lewe in oorvloed sien.

Soos toe Jesus vir Nataniël-hulle genooi het en Hy vir hom gesê het, Ek het jou al daar onder die vyeboom gesien, daar in Johannes 1, en toe is Nataniël so opgewonde. Hy sê jy dink dis net onder ‘n vyeboom sit. Hy sê, Johannes 1:51, van nou af gaan jy die engele op en af sien klim na die Seun van die Mens. Nataniël, julle moet julle gereedmaak. Hier gaan groot dinge gebeur by hierdie partytjie. Julle gaan engele sien. Julle gaan die Seun van die Mens sien. Julle gaan sien hoe die wêreld verander.

Geen wonder nie, ‘n paar wat by die partytjie was daar in Lukas 10, nê, daardie 72 ouens wat uitgestuur is, toe hulle terugkom toe sê hulle vir Jesus, daar het ‘n wonderlike ding gebeur. Die duiwels het gehardloop toe hulle ons hoor en siekes is genees. En onthou, Jesus het hulle uitgestuur soos lammertjies tussen die wolwe. Dis nogal ‘n ding, nê. As jy by Jesus se partytjie is, Hy laat jou nie... die klere wat Hy graag vir jou aantrek is lammertjie klere, en Hy sê, oppas, daar is wolwe.

Dis nogal ‘n onregverdige kompetisie. Die lammertjies veg teen wolwe en duiwels, en as hulle terugkom na Jesus toe sê hulle, Here, die duiwels het gehardloop. Dit is hoe lammertjies, Jesus se partytjiegangers, hoe hulle invloed in die wêreld is. Dan begin Jesus sing, want by Sy partytjie is daar altyd vrolikheid. Dan sê Hy, Here God, dankie, dankie dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dat U vir kindertjies dit openbaar het. Dis wat jy by Jesus se partytjie gaan raakloop. In die hele wêreld, in die regte wêreld is daar plek vir hierdie partytjie, en jy gaan stories hoor. Jesus gaan Sy God stories vertel op enige plek.

Het jy al ooit ‘n kind gehoor wat vir jou sê, in die aand, pa, vertel my ‘n verslag? Kinders sê nie sulke goed nie. Of, pa, vertel my ‘n stuk dogma van die kerk. Maar ons dink dis die dinge wat saakmaak. Stories, Jesus vertel nuwe stories, en Hy stuur Sy mense in die wêreld in, en Hy sê, ouens, asseblief, daar is nog plek. Gaan hou 'n very merry unbirthday partytjie met mense in My naam. Deel vir hulle feesklere uit. Gee vir hulle kinderharte en julle sal die hemele oopsien, soos Femina, ons het vanoggend gesien, by die tronk dit gaan hou het. Een van die persone wat by ons E-Kerk werk, Magriet Smit, ek kan haar nie keer nie. Sy hou net merry unbirthday parties waar sy kom.

Net verlede week sê sy, of so ‘n paar weke terug, sy gaan in Worcester, daar is ‘n klompie mensies, ou mense, wat swaar kry. Sy gaan vir hulle ‘n partytjie hou en sy gaan vir hulle nooi, en sy gaan hulle bederf en hulle hande vir hulle bietjie met mooi salfies smeer en vir hulle ‘n fees uitpak. En nou kry ek ‘n brief van hierdie een ou oom wat daar was, en hy sê hy dink die Here Jesus was die eregas die dag. Ek sê, ek weet Hy was. Hy was die Meester. Hy was die Seremoniemeester. Hy het julle lewens aangeraak. Wat kos dit om Lukas 14 waar te maak, daar waar Jesus sê as jy nou weer ‘n ete hou, nooi die armes en die kreupeles en die lammes en die blindes? Jesus is hier.

Ek weet nie wat jou idee van ‘n goed geleefde lewe is nie, maar ek het ‘n idee as jy regtig in Jesus vasloop, soos daardie ouers en die kindertjies in Matteus 19, toe Jesus Sy hande op hulle gelê het was hulle lewe anderster. En dan sal dit nie nodig wees dat Jesus jou moet dreig en raas en pak gee nie. Dan sal jy sommer na die lanings en die stegies toe gaan en uitnodigings uitdeel vir die volgende Jesusfees. Jesus is in die buurt. Jesus is in die dorp. Hy hou partytjie, feesklere. Hy soek kinderharte. En dan

gaan jy die hemele oop sien en God stories hoor, en Levi raakloop, en die sondige vrou van die dorp, en sulke mense, en die vrees gaan groter word, en God se hart gaan bly wees. Dis tyd vir ‘n fees en jy is ‘n genooide en ‘n gestuurde.

Here, baie dankie dat ons vanoggend kan leer by U. Dankie dat U die Here van die fees is, dat daar waar U is daar lewe in oorvloed is, en partytjie en vrolikheid. Leer ons, Here, om net U hande op ons te voel, en gebruik ons om hierdie fees verder te gaan vertel en te gaan leef. In Jesus se Naam, amen.

Ontvang die Here se seën en gaan in vrede na jou huis toe.